

*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
julië 2023

Kontrasterende ligspel

*Lensopening: f36; Sluiterspoed: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 200*

Elke seisoen bring sy mooiheid na vore – volgens elkeen se eie omgewing. Daar is egter een algemene “mooiheid” van die winter wat nie alle mense raaksien nie, naamlik lang skaduwees. Dit is natuurlik in die somer, vroeëoggend en laatmiddag, ook so, maar in die winter is dit soveel meer opvallend omdat die son ver na die noorde sit.

Dink aan skadu's, en jy dink aan ligspel; ook ligkontras. Ons wil in hierdie uitgawe gesels oor die rol van lig wanneer dit gaan oor kontras. Ons gaan 'n Italiaanse woord hiervoor gebruik wat reeds eeue lank aan skilders bekend is, en wat deesdae ook vir fotografie gebruik word, naamlik *chiaroscuro*, oftewel lig-donker.

Lees, bestudeer en bowenal, geniet hierdie vakansie-uitgawe van Fotografienuus. Daar moet sekerlik iets wees wat jou interesseer; anders, laat weet ons.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto


---

Die toneel op ons voorbladfoto hou ek reeds vir dæ lank dop vanuit die voordeur van ons huis. Dit is daagliks, soggens, te sien, maar net vir 'n uur of twee. Daarna is dit verby vir daardie dag; en as dit die dag bewolk is, is daar nie sprake van 'n toneel nie. Hierdie opmerking beklemtoon die feit dat jy maar net steeds op jou hoede moet wees vir mooi foto's rondom jou.

Die bedoeling met die voorbladfoto is dat dit die tema chiaroscuro (lig-donker) moet beklemtoon. Daarvoor is die foto heelwat onderbelig en daarom is die linkerkant redelik donker – terwyl die toneel regs in die foto nie onderbelig is nie. As die foto nog meer onderbelig sou word, sal die helder toneel regs donkerder word met minder trefkrag. As die foto meer oorbelig sou word, sou die linkerkant ligter word en meer detail vertoon – en dan sou die foto sy trefkrag verloor. Wees dus bewus daarvan dat as jy so 'n kontras in een foto wil kry, dan kan jy nie met net een foto volstaan nie. Jy moet 'n hele paar neem. Ons gee later spesifieke riglyne.

Die instelling vir die lensopening van die voorbladfoto is f36 (enigiets sou moontlik wees; hierdie keuse was so, bloot omdat die kamera voorheen so ingestel was). Die instelling van 200 mm vir die fokale lengte is so gekies om die toneel mooi te isoleer van omringende materiaal. Die sluiterspoed is as 4/5 sekonde gekies om die regte kontras te kry, soos verduidelik.

# JOHANNES ITTEN



Johannes Itten (1888-1967) is van Switserse herkoms en was onder andere 'n skilder, ontwerper, onderwyser en skrywer. Sy een groot veld van ondersoek was kleur. Hy is dan ook bekend vir sy boek *The art of color* wat oor die teorie van kleur gaan (en hierby afgebeeld word).

Een spesifieke terrein waarop Itten homself egter toegespits het was op die veld van kontraste wat lig en kleur betref. Hy het selfs sewe verskillende kontraste geïdentifiseer waaronder kontras in tinte, kontras in temperatuur en kontras in komplementêre kleure.

Wat kleur in die algemeen betref, is hy ook bekend vir ontwerpe van die kleurwiel – iets

wat almal deesdae aanvaar as alledaags. Die foto hierby is een van sy baie kleurwielvoorstellings. Hierin word die primêre (driehoek), sekondêre (seshoek) en tersiêre (sirkel) kleure duidelik uitgebeeld.



Die kontras tussen lig en donker (chiaroscuro, soos ons reeds genoem het) was nog 'n veld van ondersoek van Itten. Lees meer oor sy studies by Wikipedia en onthou in jou eie fotografie dat skadu's en ligpunte (Engels: *shadows* en *highlights*) in 'n foto op 'n baie kreatiewe wyse gebruik kan word. Netso is die rondspeel met kleur 'n wonderlike middel om jou te lei na optimale kreatiwiteit.

Bron: [https://en.wikipedia.org/wiki/Johannes\\_Itten](https://en.wikipedia.org/wiki/Johannes_Itten)

# Chiaroscuro-fotografie

## tema & wenke

Die woord *chiaroscuro* (Italiaans: chiaro: *lig*; scuro: *donker*) is 'n term wat eeue gelede reeds deur skilders gebruik is en wat in die moderne tyd nog steeds deur kunstenaars gebruik word. Die bedoeling daarvan is om groot klem te lê op die kontras tussen lig en donker.

Ook in moderne films word daar gebruik gemaak van hierdie tegniek. In hierdie verband is die onderstaande Wikipedia-bespreking (by *Chiaroscuro*) baie interessant – dit word onvertaald weergegee:

Perhaps the most direct use of chiaroscuro in filmmaking is Stanley Kubrick's 1975 film *Barry Lyndon*. When informed that no lens then had a sufficiently wide aperture to shoot a costume drama set in grand palaces using only candlelight, Kubrick bought and retrofitted a special lens for the purpose: a modified Mitchell BNC camera and a Zeiss lens manufactured for the rigors of space photography, with a maximum aperture of f/0.7. The natural, unaugmented lighting of the sets in the film exemplified low-key, natural lighting in film work at its most extreme, outside of the Eastern European/Soviet filmmaking tradition (itself exemplified by the harsh low-key lighting style employed by Soviet filmmaker Sergei Eisenstein).



*Toneel met kerslig,*  
uit die film Barry Lyndon

Vir die toepassing van chiaroscuro in fotografie is dit in die eerste plek nodig dat jy 'n toneel moet vind wat goeie kontras vertoon. Wat dan verder oorbly is "rondspeel" met veral die sluiterspøed om die regte kontras in jou foto's te kry. Soos in die foto hierby kan kerslig oorweeg word vir 'n goeie beginpunt. Ons help verder met spesifieke riglyne vir chiaroscuro-fotografie in ons volgende artikel.

Bron: Chiaroscuro:  
<https://en.wikipedia.org/wiki/Chiaroscuro>

# RIGLYNE

# VIR CHIAROSCURO-FOTOGRAFIE

## VOORAF

Kry 'n toneel wat hom leen tot kontras, byvoorbeeld 'n sonkol of sonverligte kol soos in die voorbladfoto. 'n Driepoot is nie absoluut belangrik nie, maar dit help dat opvolgende foto's in 'n fotoreeks wel presies dieselfde toneel wys.



### TIPE LENS

Gebruik enige tipe lens wat kan in- en uitzoem.



### FORMAAT

Besluit op die beste formaat.



### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.



### WITBALANS

Enige natuurlike witbalansinstelling sal goed wees.



### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Wees presies met die keuse van fokuspunt en wel spesifiek op die helder deel van die foto.



### LENSOPENING

Kies enige lensopening afhangend van die ligomstandigheid.



### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" instelling van die sluiterspoed en neem 'n foto. Begin dan en eksperimenteer vir die beste kontras in die foto.



### FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fotoskerpte soos wat jy foto's neem.

# Wat is ISO?

Ons leer ons fotografie-studente van die “broederskap” tussen die kamera-instellings lensopening, sluiterspoed en ISO (Engels: ISO). Oor die eerste twee het ons in die afgelope twee uitgawes van Fotografienuus gesels. Ons sluit hierdie kort reeks nou af met 'n kort bespreking van ISO. Die letters “ISO” is totaal niksseggend en staan bloot net vir *International Organization for Standardization*. Ons verduidelik dus die saak.


Sit in 'n donker vertrek en skakel 'n skerp lig aan. Staar vir 'n sekonde of twee daarna en skakel die lig dan af. Op jou oog-retinas vorm daar 'n nabeeld van die lig wat jy vir 'n kort rukkie nog kan “sien”. Jou retinas het vir 'n oomblik die beeld “vasgevang”. Netso het 'n kamera se film (vroëer) en sensor (tans) die vermoë om die lig van die toneel wat afgeneem word, vas te vang en te behou. Die spoed waarteen dit gebeur word aangedui deur die ISO-instelling op jou kamera.

Hoe stadiger die beeld vasgevang word, hoe beter, maar dit neem meer tyd. Dit word aangedui deur 'n “laë” ISO van 100 of 200. Hoe vinniger die beeld vasgevang word, hoe swakker, maar dit neem minder tyd. Dit word aangedui deur 'n hoë ISO van sê maar 800 of 1600. Tipiese waardes is 100, 200, 400, 800, 1600, 3200, 6400 ... .


Ons leer ons studente om altyd met 'n laër waarde ISO-waarde, gewoonlik 100, te begin en dit vas te hou. Afhangend van die ligomstandigheid kan die ISO, indien nodig verhoog word, amper net in 'n noodgeval. 'n Hoë ISO-waarde het die nadeel dat dit ruis (Engels: *noise*) veroorsaak. Die foto's hierby gee 'n idee hiervan.



*Geen ruis (let op na die mooi, gladde agtergrond)*



*Erge ruis (let op na die growwe agtergrond; veral ook die foto-uittreksel in die blokkie)*



## ONTSTAAN VAN SONY-KAMERAS



Sony se hoofkwartier te Sony City in Minato, Tokio

Die afgelope maande het ons in hierdie rubriek oor 'n verskeidenheid kameras en hul geskiedenis gesels. As samevatting noem ons net weer waaroor ons gepraat het: Canon (Maart), Nikon (April), Canon-spieëlloos (Mei) en Leica (Junie). Ons sluit hierdie bespreking af met 'n bespreking oor die ontstaan van Sony-kameras.

Die firma Sony is in 1946 gestig as Tokyo Tsushin Kogyo. Die eerste produk wat vervaardig is, was telekommunikasie-toerusting. In 1950 het die firma begin met papier-gebaseerde magneetband vir bandopnemers, met die handelsnaam Sony. Die firma Sony Corporation het in 1958 tot stand gekom.

Sony het oor die jare 'n verskeidenheid produkte vervaardig wat sekerlik vir baie van ons lesers nog bekend is: transistor-radio's, draagbare CD-spelers (*Discman*). Die eerste digitale Sony-kamera (*Mavica*) het in 1988 die lig gesien. In 1996 het die Cyber-shot op die mark gekom. In 1998 het die eerste digitale kamera met 'n geheue-stokkie as eksterne geheuekaart op die mark gekom.

Al hierdie sake klink vir die moderne leser as iets uit 'n ander era. Dit is inderdaad die geval – wel minstens uit 'n ander eeu.

Maar soos met ander tipes kameras die geval is, het Sony ook sy moderne reekse. Onder hierdie moderne produkte is Sony se spieëllose kameras. So 'n kamera gebruik nie spieël-meganismes met 'n optiese vinder nie. Hulle is dus kleiner en dunner as die bekende (ouer) DSLR-kameras. Tans raak dié tipe kamera al meer en meer gewild.

Vir meer moderne produkte van Sony, gaan na:

<https://www.lifewire.com/what-are-sony-cameras-493492>



# GAAN OP REIS

*saam met Towervantern*



*Towervantern Fotografie*  
- julië 2023 -


Daar is sommige stede en plekke in die wêreld wat in 'n sekere sin "naby" is en ander weer wat ver is, as't ware "by die einde van die aarde". Parys in Frankryk, selfs Warskou in Pole, is naby want dit kan relatief maklik per vliegtuig bereik word.

Katmandoe, hoofstad van Nepal, is ver. So ook is La Paz in Bolivia ver. Om by laasgencemde te kom moet jy van Suid-Afrika af na Angola toe vlieg, dan na Uruguay of Argentinië in Suid-Amerika, en dan noordwes-waarts na La Paz.

Ons wil jou vandag bekendstel aan die "verre" La Paz. Towerlantern is wel nie 'n reisburo nie, maar omdat ons "bedryf" fotografie is, is ons steeds op soek na fotografiese moontlikhede; daarom dan La Paz.

Die stad La Paz (of volledig, Nuestra Señora de La Paz) in Bolivia is die regeringsetel van die land. Die stad se hoogte bo seespieël is 3 600 tot 3 700 m wat maak dat dit die hoogste stad ter wêreld is. Dit lê in die in die onvrugbare riviervallei van die Rio de la Paz-rivier in die Andesgebergte. Die stadsgebied word oorheers deur die sneeubedekte bergspits Illimani (hoogte byna 6 900 m bo seespieël).

'n Besonderheid van die stadsgebied van La Paz is die sweefspoor-vervoerstelsel. Die stelsel bestaan uit 8 kabellyne met sommige kabellengtes van tot byna 5 kilometer. Die eerste paar lyne is opgerig deur die bekende Oostenrykse firma Doppelmayr/Garaventa. 'n Besoek aan La Paz moet beslis 'n rit op een of meer van hierdie lyne insluit. Kry jou kamera dus nader en gaan saam op reis by <https://youtu.be/vdCyOJ7fkio>



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

## VIR NOG VERDERE TOERE, BESOEK DIE VOLGENDE VIDEO'S:



Stadsinligting: [https://en.wikipedia.org/wiki/La\\_Paz](https://en.wikipedia.org/wiki/La_Paz)

Kultuurtoer: [https://t.ly/Jq\\_7N](https://t.ly/Jq_7N)

Doppelmayr/Garaventa: [https://en.wikipedia.org/wiki/Doppelmayr/Garaventa\\_Group](https://en.wikipedia.org/wiki/Doppelmayr/Garaventa_Group)

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2023 -

# Wie was koning Bloutand?

Die onlangse kroning van prins Charles van Brittanje as koning het weer die Britse koningshuis onder almal se aandag gebring. Dié koningshuis is so bekend dat ons maklik kan dink dat dit die enigste koningshuis ter wêreld is. Daar word dan maklik vergeet van die Nederlandse koningshuis (met koning Willem-Alexander as heerser) of die Deense koningshuis (met koningin Margrethe II as monarg).

Laasgencemde koningshuis is van die oudstes ter wêreld, en koningin Margrethe II kan haar voorouerlyn vir meer as 1000 jaar terugvoer. Een van die persone in hierdie geslagslyn wat spesiaal gencem kan word, is koning Harald Blåtand ("Bloutand") Gormsson (oorlede +/- 985). Hierdie bynaam van die arme man was waarskynlik omdat hy 'n blouerige tand gehad het.

Jy mag dalk vra "Nou wat het dit met fotografie te doen?" En die antwoord is: "Alles!" As jy foto's van jou kamera of selfoon draadloos na jou rekenaar stuur of musiek speel van jou selfoon na jou klankstelsel, dan gebruik jy *bluetooth*.

Die verbintenis tussen koning Blåtand en die moderne bluetooth is interessant. Toe *bluetooth* ('n kortafstand elektroniese draadlose verbinding tussen vaste en mobiele aparate) ontwerp is, was die tydelike titel *bluetooth*, vernoem na koning Blåtand. En weens verskillende redes het dié naam die handelsnaam geword wat ons ken. Lees meer hieroor by die verwysings.

Verwysing:

[https://en.wikipedia.org/wiki/Harald\\_Bluetooth](https://en.wikipedia.org/wiki/Harald_Bluetooth)

<https://en.wikipedia.org/wiki/Bluetooth>

## Fotomanipulasie: Die sinkende skip

Elna Geringer, Port Edward

Op 'n dag, op pad Durban toe vanaf Mtunzini, sien ons die mooi passasierskip, naby Umdloti geanker lê. Ek neem 'n paar foto's en iewers gedurende die fotosessie, kom die beeld van die sinkende Oceanos, wat in 1991 langs die Wildekus gesink het, by my op en ek besluit: "Skip! vir jou gaan ek sink." Hierby is my finale werk.

Op versoek verduidelik ek graag die proses wat ek gevolg het om hierdie verwerking te kry. Wat die langste geneem het, dink ek, was om foto's te kry van 'n rowwe see met groot branders en vuil water. Daarmee saam het ek na wolke gesoek wat baie dramaties is. Ek was baie gelukkig dat binne 30 dæ, na my besluit, ons baie slegte weer gehad het; ook was die seewater erg bruin as gevolg van al die riviere wat hier aan die Suidkus inloop. Gewapen met genoeg voorraad het ek rekenaar en Photoshop nader gesleep. Ek volg nogal baie YouTube-video's en met daardie kennis op hande het die sinkende MSC se lot begin. 'n Paar van die foto's wat gebruik is word op die volgende bladsy geplaas.



Eers word 'n skoon werkspasie geskep en dan word die agtergrond gebou. Ek het met baie van die vuil water, en ook met die vuil skuim foto's, gewerk. Die lug het ek gedoen met kombinasies van donker onweerswolke en ook foto's waar die lug toegetrek






is maar stuk-stuk son deurlaat. Die hele proses het my 'n dag lank besig gehou. 'n Mens doen een verwerking, staan terug en kyk daarna, hou daarvan en begin die volgende stukkie werk of hou nie daarvan nie, vee uit en begin weer.



Om die gevoel van "sink" te kry, het ek met die *Warp tool*, *Liquify tool* en *Clone stamp tool* gewerk. Ook hiermee het ek baie kere oor begin. Met die voltooide foto is ek Topaz Studio 2 toe. Ek wou die foto na 'n olieverfskildery laat lyk. Na vele pogings het ek by die een gekom wat hier vertoon word.



## FOTOMANIPULASIE

By Towerlantern het ons die standpunt dat ons baie wyd dink oor fotografie. Daarmee bedoel ons dat ons – binne perke – enige tipe foto of verwerkte foto sal aanvaar vir publikasie. Ons trek wel 'n skeidslyn tussen basies verwerking van foto's (byvoorbeeld sny, omkering en versadiging van foto's) en nuwe kunswerke wat geskep word (byvoorbeeld foto-collages en hersamestellings).

Kyk hier vir meer inligting oor fotomanipulasie:

[https://en.wikipedia.org/wiki/Photograph\\_manipulation](https://en.wikipedia.org/wiki/Photograph_manipulation)

ons hoor  
graag van ons *lesers*

Baie dankie; ek het so lekker geles saam met my vroegoggend koffie. En toe ek by die laaste foto [*Foto-idees, Fotografienuus, Junie 2023*] kom, met die skaduwees en dwarslyne, moes ek MOOI kyk, en 'n tweede maal kyk om te sien wat dit is (foto hierby). Jœ! – is dit 'n pragtige foto! Gewoonlik kan 'n mens met een oogopslag "sien" wat daar is, maar hierdie foto ... mens kyk, jy kyk weer, en dan ewe skielik ontpop dit. Dis nou werklikwaar 'n foto waarin 'n mens kan rondloop. Die lyne, die tekstuur en gebruik van die donker om die verligte bome te beklemtoon – dit werk net vir my.

**PHILEEN LUTGE, RANDBURG**



Towerlantern! Een van die hoogtepunte in 'n andersins deurmekaar wêreld!

**SAMPIE STOFFBERG**

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2023 -

# MARS - *so groot soos die volmaan*

---

Die aarde en die planeet Mars is susterplanete wat albei om die son wentel. Hulle is soos twee atlete wat op dieselfde atletiekbaan hardloop met die aarde in die binnebaan en Mars in die buitebaan. Omdat die aarde die binnebaan het en Mars die buitebaan, sal die aarde Mars van tyd tot tyd van agter inhaal en verbysteek. Al is Mars en die aarde relatief na aan mekaar, vertoon Mars vir ons nooit groter as 'n helder ster nie.

Verder is die aarde en Mars se bane nie presies "ewewydig" aan mekaar nie – en dus is die verbysteekpunte nie altyd ewe ver van mekaar nie. Ongeveer elke 17 jaar is hierdie verbysteekpunte die kortste, en dus is die twee planete dan die naaste aan mekaar. Dit gebeur tipies in Augustus.

Tot sover die werklike feite. Op 'n dag kry jy dalk 'n e-pos of 'n aanstuur-whatsapp ("*forwarded many times*") wat sê Mars gaan in Augustus so groot soos die volmaan wees. Natuurlik kan jy sommer aanvoel dit

is 'n twakstorie. Moet dit nie aanstuur nie!!! Net so is daar voortdurend besondere "foto's" of wonderlike "videos" wat aangestuur word. So "mooi", so "aanskoulik" en "te goed om waar te wees" dat jy dit nie kan glo nie, soms selfs nog met 'n Bybelteks daarby. Pasop dat jy nie in 'n slagyster trap nie!

Daar is veral twee variasies om voor op te pas waar iemand besig is om jou te mislei, naamlik,

- 'n *hoax*, waarmee jy vir die gek gehou word weens jou goedgeelowigheid ("stuur hierdie video aan of die onheil sal jou tref"), en
- 'n *rumour*, waarmee jy opgesweep word ("koop genoeg blikkieskos en toilet papier").

Die volgende keer as jy so iets kry, gooi dit weg. Jy kan dit ook toets deur middel van 'n internetsoektog met 'n soekterm byvoorbeeld soos "*hoax mars as big as the full moon*". Weereens, moenie in 'n slagyster trap nie!

# NUUS

vanaf  
Towerlantern

## Volgende eerstevlak-fotografiekursus

Towerlantern beplan 'n volgende plaaslike fotografiekursus gedurende Augustus en September. Kom leer hoe om jou kamera te hanteer en hoe om mooi foto's te kry. Die besonderhede is soos volg:

**Plek:** Marthinus Wesselstraat 7, Potchefstroom.

**Begindatum:** 2 Augustus 2023. Verdere datums sal by die eerste klas aangespreek word om almal te pas.

**Tyd:** 17:00 tot 19:30.

**Prys:** R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

**Besonderhede:** Die kursus bestaan uit 8 klasgeleenthede van 2½ uur elk. Baie tyd word ook aan praktiese werk gegee.

**Samevatting van kursus:** Komposisie, kleur, lig; lensopening, sluiterspoed; ISO, beligting, ligmetering; fokussering, lense en fokale lengte, perspektief; mens-, sport-, stillewe-, landskap-, argitektuur-, reisfotografie; kreatiwiteit, abstrakte fotografie, blom-, makro-, argitektuur- en reisfotografie, kunsfotografie.

**Benodigdhede:** 'n SLR-kamera met basiese instellings, sluiterspoed, lensopening en ISO is 'n noodsaaklikheid. 'n Driepoot is nie absoluut noodsaaklik nie, maar word hoog aanbeveel.

**Adres vir navræ:** [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za)

*Towerlantern Fotografie*  
- Julie 2023 -

# NUUS

vanaf  
Towerlantern

## 2023 se foto-uitstalling

Towerlantern beplan om DV hierdie jaar weer die gebruikelike jaarlikse foto-uitstalling aan te bied. Jy word nou reeds uitgenooi om hieraan deel te neem. Neem dus nou kennis van die volgende sake:

### ALGEMENE SAKE:

- ✓ Daar is plek vir slegs 40 uitstallers.
- ✓ Plaaslike sowel as studente weg van Potchefstroom is welkom om in te skryf.
- ✓ Dit sal 'n fisiese uitstalling wees en daar sal ook 'n aanlyn-aanbieding wees om geleentheid te gee vir alle fotograwe.
- ✓ Die uitstalling gee jou die geleentheid om jou beste werke uit te soek vir vertoning.

### BESONDERE SAKE:

**Saak:** Foto-uitstalling (plaaslik en aanlyn).

**Uitstalwyse:** (a) Gemonteer vir die fisiese uitstalling en (b) elektronies vir die aanlyn-uitstalling (deur middel van 'n PowerPoint-aanbieding).

**Datum:** 12-29 September 2023.

**Plek:** Snowflake-gebou in Potchefstroom en ook aanlyn.

**Uitstallers:** Enige fotograaf wat bedrewe is met sy/haar kamera.

**Foto-onderwerp:** Alle genres.

**Keuring:** Stuur 10 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.

### Vorige uitstallings

Kyk by die volgende skakels na 2020, 2021 en 2022 se uitstallings:

- ✓ 2020: <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>
- ✓ 2021: <https://youtu.be/tD67EVYZCzg>
- ✓ 2022: <https://youtu.be/qgOdRDOqYg8>

**Onkoste:** R150, eenmalig.

**Keerderdatum:** 19 Augustus 2023.

**Oproep:** Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg.

**Bespreking:** Die uitstalruimte is groot, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

**BELANGRIK:** Verseker nou al jou plek deur vir ons te laat weet dat jy belang stel om foto's uit te stal.

**Vir meer besonderhede** kontak [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za).

Towerlantern Fotografie  
- Julie 2023 -





## OP INTERNET GESIEN

Het jy al opgelet na diere se oë? Die kleure, pupille en vorms lyk heel verskillend van mekaar. Dink maar net aan 'n bromvoël se oë! Die foto hierby is van Shutterstock, en is geneem deur Wang LiQiang. Kyk ook vir inspirasie na Suren Manvelyan se versameling van oë wat hy afgeneem het by: <https://shorturl.at/DRY24>.

## OP INTERNET GESIEN

Dis winter, en dit is maar moeilik om foto's te neem. Jy is dalk nie lus om vroegoggend in die koue op te staan nie! Maar probeer eerder om hierdie "probleme" as uitdagings te sien en tot jou voordeel te gebruik. Hier is 'n paar idees (al sou daar nie sneeutonele by jou omgewing wees nie): <https://shorturl.at/fgFL9>




# FOTO- idees

Idee 1: Beklemtoon vroegoggend of laatmiddag buitenshuis lang skaduwees, en wel op so 'n manier dat dit bydræ tot die karakter van die foto. (Foto: Marlene Schilbach, met dank.)



*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2023 -



**FOTO-**  
*idees*

Idee 2: Laat water jou help om 'n chiaroscuro-toneel te fotografeer.

# FOTO- *idees*

Idee 3: Neem binnenshuis kunssinnige foto's van meubels met beklemtoneing van lig en donker.

# FOTO- *idees*

Idee 4: Gaan op reis – selfs net in jou eie dorp of stad – en lê klem op argitektuurfotografie.



*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 5: Gaan steeds op reis, dié keer weg van stede of dorpe en lê klem op land- en/of waterfotografie.

*Towerlantern Fotografie*  
- julie 2023 -